


**Leeuwrivier/Twistniet Montagu Distrik**

## Ontmoet die Familie van Hettie (Hendrik) 25/04/1906 – 09/11/1999 en Cilie Van Zyl 22/11/1914 – 06/01/2012 en geniet hulle stories



Pa (Hettie) met kleinkind Henk



*Die Famile*
*Voor L/R: Awie,Rachel,Sannie en Ma.*
*Agter L/R: Hennie,Hannatjie, Gerrit, Cella, Manie, Bets, Alwyn, Elise, Joan en Eddie. 2000*

Die storie is 'n uittreksel uit 'n groter dokument wat saamgestel is deur die Van Zyl familie. Die dokument is beskikbare by die Montagu museum argief.

Onder redaksie van Hennie van Zyl

Saamgestel deur:
Cilie van Zyl (Ma)
Awie en Rachel van Zyl (seun)
Cella en Gerrit de Beer (dogter)
Manie en Bets van Zyl (seun)
Sannie Bleuler (dogter)
Hennie en Hannatjie van Zyl (seun)
Alwyn en Elise van Zyl (seun)
Eddie en Joan van Zyl (seun)

(Kopiereg voorbehou)

Eerste uitgawe: 2000 Tweede uitgawe: 2002

***Dankie Hennie dat ons jou storie op die Montagu Museum se webblad kan plaas***





*Hettie en Cilie van Zyl se eerste plaashuis op Leeuwrivier langsaan die Barrydale pad.*

INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Voorwoord | 1 |
| So onthou ons vir Pa en Ma | 2 |
| Beskrywings en sketse uit ons kinderdae | 6 |
| Leeuwrivier | 6 |
| Die tweedisselboom karretjie | 7 |
| Waar Gert sy wit sitvlak gekry het | 7 |
| Kuier op Breipaal by Oupa en Ouma | 8 |
| Twistniet | 8 |
| Twistniet se huis | 9 |
| Twistniet se werf | 11 |
| Rietrivier se skool | 12 |
| Twistniet se deelboere | 14 |
| Parstyd | 16 |
| Koring oestyd | 18 |
| Kattekwaad | 18 |
| Plaaslewe | 19 |
| Herklaas | 21 |
| Waldemar | 22 |
| Ons Oddey's Bodies Ford lorrie | 22 |
| Pa se ander voertuie en masjienerie | 23 |
| Oom John se swart Ford | 25 |
| Ons eerste draadloos | 25 |
| 'n Telefoon is 'n wonderlike ding | 25 |
| Die fiets en die bul | 26 |
| Manie en die slang | 26 |
| Eddie se pruimpit | 26 |
| Brand in die boonste kamer | 27 |
| Duskant en annerkant | 27 |
| Oom Jan se skeermes | 28 |
| As Pa kom plaas oppas | 28 |
| Vertellings uit ma se jongdae | 29 |

# VOORWOORD

Hierdie boekie is opgestel vir en deur ons familie, maar vriende kan dit ook lees mits hulle dit nie as getuienis teen ons sal gebruik nie. Omdat ’n mens so gou vergeet van dinge wat jy so 'n paar dekades gelede beleef het, hoe die plekke en gebruike was, is dit lekker om weer terug te loop op ons eie voetspore en die van ons ouers en hulle familie. Die dinge wat in ons kinderdae soms eenvoudig gelyk het, het nou weer lekker herinneringe geword. Miskien sal ons kinders en kleinkinders ’n beter begrip kry vir hulle oupas en oumas se gewoontes nadat hulle deur hierdie boekie geblaai en gelees het van ons manier van grootword en hoe die wêreld in ons tyd gelyk het.

Ons familie het baie om op trots te wees en oorgenoeg rede tot dankbaarheid, maar die Here het ons ook genoeg rede gegee om nederig te bly. Langeberg en sy mense het ’n groot invloed op ons elkeen gehad, Leeuwrivier en veral Twistniet is ons geboorte en grootwordplekke en sal vir Ma en elkeen van ons sewe kinders altyd ‘n spesiale betekenis hê. As 'n mens lees oor ouma Nonnie se wedervaringe as kind en as jong vrou, kry jy groot bewondering vir haar en die ander mense van haar tyd. Haar geloof en vertroue in die Here het sy oorgedra aan haar kinders en hulle gesinne.

Die entoesiasme waarmee al die familie geskryf, foto's uitgesoek of spesiaal geneem het en inligting gaan opsoek het, het dit een groot plesier gemaak om hierdie boek saam te stel. Ek vertrou dat dit vir elkeen ‘n waardevolle besitting sal wees waarop in die toekoms nog baie uitgebrei kan word.

Hierdie is 'n huldeblyk aan Pa en Ma, vir wie ons seker nie genoeg waardeer het toe ons kinders was nie. Pa en Ma het met min begin, maar met harde werk, vindingrykheid en wilskrag vir ons elkeen geleenthede geskep, waarmee hulle respek afgedwing het by die mense van hulle tyd. Ma is al reeds 87, maar is nog steeds fiks, met 'n groot belangstelling in mense en veral in familie. Daarby het sy ook nog 'n uitgebreide kennis van plante en kruie. Ons was gelukkig om ouers te hê vir wie geloof in God ‘n normale deel van hulle lewe was. Ons sê dus ook dankie aan die Here vir die familie waarvan ons deel kan wees.

Hennie van Zyl

# SO ONTHOU ONS VIR PA EN MA

Hendrik (Hettie) Jacobus van Zyl (gebore 25.4.1906, oorlede 9.11.1999) & Dirkie Cecilia (Cilie) Steyn (gebore 22.11.1914)



Pa(Hettie) en Ma(Cilie)



*Pa se geboorte huis met die rooidak*


In Pa en Ma se leeftyd het hulle byna twee derdes van Montagu se geskiedenis meegemaak. Hulle storie is ook die storie van Langeberg en sy mense. Dit is ‘n storie van gewone mense wat ‘n lang pad van swaarkry, maar ook van groot vooruitgang geken het. Hulle het op buurplase grootgeword en het mekaar van jongs af geken. Ouma Nonnie Steyn se eerste man was Gert van Zyl, Pa se oom, dus het hulle as kinders amper soos familie grootgeword.

Na standard 6 moes Pa gaan help om sy ma en jonger broers en susters te versorg, want sy oudste broer is in 1921 en daarna sy pa in 1922 aan maagkoors dood. Hy het op ‘n stadium op Hermanus in ‘n hotel gaan werk. Sy salarisgeld het hy vir sy ma gestuur en self net van die fooitjies geleef. Sy pa het voor sy dood borg geteken vir ‘n broer en toe dié finansiële probleme kry, het albei hulle plase verloor. Dit was klein plasies, want die oorspronklike plase is met elke geslag onderverdeel om vir elke kind ‘n stukkie grond te gee. Hulle was eintlik net bestaansboere wat omtrent net genoeg kos vir hulleself geproduseer het en min oorgehou het om te verkoop. Voor dit was daar egter ook voorspoedige tye toe ‘n baie groot deel van die grond langs Langeberg aan die Van Zyl families behoort het.

Toe Pa en Ma op 14 Februarie 1933 getrou het, was dit in die depressietyd, wat beteken armoede en swaarkry. Hy het dit reggekry om sy oom Danie se plaas Leeuwrivier te koop, waar hy ook ‘n winkeltjie

gehad het. Hy het een van die eerste lorrietjies op Montagu gekoop, ‘n 1928 Chev met houtspeekwiele, sonder deure en die bakwerk omtrent alles van hout. Daarmee het hy transport gery, veral mos van die plase af KWV toe. Die mos is nog in houtvate vervoer, voor die tyd van die staaltenks. Sy deursettingsvermoë, soos ons dit later weer gesien het na sy beroerte om weer self oor die weg te kan kom, kom waarskynlik uit sy jongmensdae. Toe het dit vasbyt gekos om te oorleef en vooruit te gaan.

Twistniet se koop was sekerlik ‘n baie groot hoogtepunt in hulle lewe. Oom Daantjie van Zyl, ’n prokureur, het hom aangemoedig om die plaas te koop, hy sou vir hom die geld leen. Die plaas het in 1942 op die mark gekom uit Rachel se pa se boedel en hy het dit op ‘n vendusie gekoop vir £5 330.


VAN ZYL & HOFMEYR
PROKUREURS—ATTORNEYS.

MONTAGU, 22/3/1943

Nº 1822

Ontvang van M / Received from M: nr. H.J. van Zyl
die som van / the sum of: Een duisend Pond / Pounds
Sjielings en / Shillings and — Pennies / Pence
vir / for: afbetaling koopsom plaas Boedel G.C. van Eeden

£1000-0-0

Van Zyl & Hofmeyr
Per

DE JONG—TYPO

*’n Afdruk van ’n kwitansie van Pa se jaarlikse afbetaling op die lening vir Twistniet se koop*

Voor die Van Eeden’s het Twistniet aan ‘n oom Piet van Zyl behoort. Oupa Manie Steyn het in sy jong dae by die oom gewerk en volgens Oupa was hy ‘n “heel befoeterde” ou man. Dit is maar ‘n streep wat sterk deur die Van Zyl’s geloop het. Manie het eendag vir oom Deon Joubert gesê dat hulle ou Joubert’s ook almal ‘n mankolieke been geërf het, maar oom Deon was gou om te sê “ja, dis waar, maar julle ou Van Zyl’s het weer almal so ‘n beneukte streep geërf”. Hy sou geweet het, want sy vrou en ma was albei Van Zyl’s!

Pa en Ma het hard gewerk, eintlik het hulle te veel energie gehad vir wat lekker was vir ons as kinders, Pa het nie moegword of rugseer geken nie. Almal om hom en selfs kuiermense is in die werk gesteek. Cella en Sannie se kêrels het wyslik net oor naweke gesig gewys op die plaas. Ons moes almal van kleins af inval. Dit het begin by soggens eerste opstaan en vuurmaak vir koffie en dan vir Pa en Ma koffie kamer toe neem voor hulle opstaan. Miskien is net Eddie ‘n bietjie gespaar omdat hy die jongste was, die dat sy hare nie so weggeskroei is in die son nie. As die eerste Van Zyl’s wat van Swellendam af Montagu toe getrek het, na hom geaard het, sal dit nie snaaks wees nie as hulle ‘n paar Langeberg bobbejane gevang, die sterte afgekap en deel van die familie gemaak het om te help met die plaaswerk. Toe ons kinders was, was ‘n wingerdstok en appelkoosboom en melkkoei simpel goed, dit het alles net werk beteken. Snaaks dat die boerdery tog later in ons almal se bloed gekom het. Parstyd was darem ook lekker, want dan het almal bymekaar gewerk en Ma het vir almal, werksmense inkluis, kosgekook en brood gebak.

Pa was maar kwaai toe ons kinders was en ons het baie ontsag vir hom gehad. In die Bybel word die gelykenis vertel van die pa wat sy twee seuns gestuur het om in sy wingerd te gaan werk en die draaie wat hulle met hom geloop het. Die oudste het eers gesê hy sal nie, maar het later spyt gekry en tog gegaan, die ander een se storie was weer andersom. As Pa die pa in die verhaal sou wees, sou daardie twee Joodjies nie kans gekry het vir later spyt kry nie, hulle sou sonder hulle rokke en sandale so vinnig in daardie wingerd ingevaar en geskoffel het dat ‘n mens net stof en blare sien trek. Sy kleinkinders het hom maar eers leer ken toe hy al afgetree en rustiger was. Hy was maar klein van postuur en hulle kon nie verstaan dat ons na hom sou luister nie, maar toe was ons mos nog almal kleiner as hy.

Toe dit later meer voorspoedig met Pa en Ma gegaan het, het hulle nog daardie omgee vir ander mense, en veral familie, behou. Hulle was suinig op hulleself en het min aan luukshede bestee, maar het dikwels vir ander mense wat swaargekry het, gehelp sonder vertoon. Veral vir hulle familie het hulle baie gedoen en vir ‘n hele paar blyplek op Twistniet gegee. Ma het baiekeer siek mense in die omgewing gaan oppas of as iemand dood is, die familie gaan help.

Ons het ‘n groot familie en is verwant aan byna al die ou families langs Langeberg. Pa het ook sy deel in die gemeenskap gedoen. Hy was onder andere voorsitter van Rietrivier se skoolraad, ouderling en was ook vir ‘n lang ruk vrederegter vir sy omgewing. Pa en Ma het baie vriende gehad en baie rondgekuier en baie mense het vir hulle kom kuier. Hulle het ook ver gaan kuier, dikwels Kaap of Transvaal na die familie toe en het selfs in 1957 vir Cella en Gerrit in die destydse Rhodesië gaan kuier.

Die dood het ook ‘n mooi kant, dit laat ‘n mens weer opnuut dink aan Pa. Noudat hy weg is, onthou ‘n mens veral sy goeie eienskappe, terwyl jy aan sy strengheid en ongeduldigheid met deernis en humor kan terugdink, want dit het ook sy karakter ingekleur.



*Pa se begrafnis op 11/11/1999 by Leeuwrivier. Die klein rooidakgebou regs agter was sy geboortehuis*



*Awie by sy ouers se graf op Leeuwrivier 2021*



*Montagu se N.G. kerk. Vyf geslagte Van Zyl's is in die kerk gedoop, aangeneem en getroud en verskeie daaruit begrawe. Die eerste kerk was 'n beskeie tydelike gebou wat in 1852 opgerig is. Montagu gemeente het in 1854 van Swellendam afgestig. In 1858 is die hoeksteen van die huidige kerkgebou gelê. George Burkett was die argitek en Joseph Barry en Neefs het die kerk vir £4 330 gebou. Die inwydingseremonie was in 1862, met dr. Servaas Hofmeyer as die eerste predikant. In 1898 is die kerk vergroot en verander tot sy huidige kruisvorm en Gotiese boustyl. Die horlosie in die kerktoring is vanuit Duitsland ingevoer. Montagu gemeente word veral onthou vir die drie groot herlewings wat daar plaasgevind het, die eerste in 1860. Die tradisionele kerklike pinkster het ontstaan uit die groot herlewings in 1874 en 1884.*


## BESKRYWINGS EN SKETSE UIT ONS KINDERDAE



*Die Langeberge bokant Leeuwrivier*

### Leeuwrivier

Die groter Leeuwrivier wat in 1814 aan Frederik van Zyl toegeken is, is deur Pa se oupa Abraham in vyf kleiner plasies verdeel vir sy kinders. Ons Leeuwrivier het voorheen aan Pa se oom Danie behoort.



*Leeuwrivier se huis in 2000*

Ouma Sannie het by ons gebly en sy het sulke spierwit hare en ‘n sagte stem gehad. Harta, soos ons Pa se suster Susie genoem het, het vir Ouma in die kamer versorg en dan mag ons nie daar gekom het nie. As dit baie warm was, het die hele familie soms buite onder die bloekomboom geslaap, die kinders net op ‘n kombers. As die jakkalse in die nag skree, kruip Cella styf teen die ander, bang vir die leeus van Leeuwrivier. Saans moes die kinders gaan fynhout optel vir die volgende oggend se vuuropmaak. Die kombuis het ‘n misvloer gehad en moes gereeld met vars mis wat met warmwater verdun is, gesmeer word. Dit was die meisiekinders se werk om soggens die warm mis in die kraal te gaan optel en die kombuisvloer en voor die agterdeur te smeer.

Die winkel langs die kombuis het altyd na tabak geruik van die lang rolle tabak wat daar gehang het. Die winkel was verbode vir die kinders, want daar was altyd drop en niekerbols. Die dag se geld is elke aand onder die kombuisvloer in ‘n erdekan gebêre, waaruit al die aankope en later ook Twistniet se deposito betaal is.

In die oorlogstyd was Pa en Ma aktiewe Ossewa-Brandwagters en het baie aande vergaderings gaan bywoon, dan was Manie en Jan (Ma se broers) die kinderoppassers. Hulle het vir ‘n paar jaar daar gebly en by Rietvlei skoolgegaan. Die huis was langs die grootpad en Awie en Manie het hulle baie keer verstom aan die militêre konvooie wat daarlangs gery het. Awie en Cella en nog ‘n paar van

Montagu se OB-jeuglede het in 1949 die Voortrekkermonument se opening gaan bywoon. In die oorlogstyd mag die mense ook nie meel gesif het nie en was ‘n sny growwebrood met aangeklamde suiker daaroor gestrooi ‘n lekkerny. Die stapelvoedsel was brood en melk.

Dit was al voor skool Awie se werk om beeste op te pas en hy het baie slae gekry as die beeste kwaaddoen. Hy en Cella het nog na Rietvlei 1 se skooltjie op oom Johannes Nel se plaas gegaan. Sy eerste vervoermiddel was ‘n groot fiets wat hy “onderdeur” moes ry. Soggens moes hy en Gert eers vuurmaak vir koffie en soms ook voor skool die koeie melk. Na skool moes daar altyd gewerk word, selfs voor skool is daar soms ploegstert vasgehou om warm te word.

## Die tweedisselboom karretjie


Rietvlei se skool was ver van Leeuwrivier af en toe Cella ook moes skooltoe gaan, het Pa ‘n klein tweedisselboom karretjie met een bankie op Die Vlakte gekoop. Snel, die donkie, is ingespan en Jan was die drywer, en ‘n baie roekelose een daarby. Snel was baie nukkerig en eendag het hy naby tant Dirkie Mostert vir iets geskrik en op loop gegaan. Jan het die leisels getrek en vir Cella ook nog vasgegryp, maar by die bruggie het die karretjie omgeslaan. Awie het betyds afgespring, maar Jan en Cella is saam met die karretjie, gelukkig het hulle nie seergekry nie. Die tant Dirkie (haar man was oom Dirk) was ‘n moeilike vrou en sy het saam met haar werksmense in die wingerd gewerk en altyd ‘n karwats gedra om hulle by te kom as hulle agter raak. Jan was maar baie lugtig vir haar karwats, want sy het hom lankal in die oog gehad oor sy rowwe manier van ry. Toe Jan die kar omgooi, het tant Dirkie daar naby gewerk. Hy was nog deurmekaar van skrik, toe die tante hom met die karwats bydam omdat hy so onverskillig was. Later het sy vir Pa-hulle vertel dat Jan nog hulle kinders gaan verongeluk as hulle hom nie kortvat nie.

Een oggend was Snel klaar ingespan en reg vir die skool, toe hy besluit hy gaan nie vandag skooltoe nie en hy sit op loop. Jan spring van agter af op en kry die leisels beet en probeer Snel stop, maar die byt net die stang vas en hardloop af met die pad. Aan die oorkant van die grootpad hardloop hy in die hekpaal vas. Jan skiet oor die donkie en trek netjies by die deur van die kafhok in en land in die kaf, sonder ‘n skrapie. Die dag het Pa-hulle met die lorretjie skool toe geneem.

## Waar Gert sy wit sitvlak gekry het

Gert was ‘n kleurlingseun wat by ons grootgeword het en maar saamgespeel en saam pakgekry het. Ma was eendag buite besig om in haar ou groot driebeen seeppot water te kook vir varkslag en Gert moes die vuur aan die gang hou. Om die tyd om te kry, het hy daar naby op ‘n leë petroldrom gery. ‘n Mens staan mos regop op die drom en rol hom met jou voete vorentoe of agtertoe, totdat hy een of ander tyd onder jou uitglip en jy jou wind uitval of jou stuitjie amper breek op die drom, afhangende van watter kant toe die drom gaan. Toe Gert se valslag dan ook kom, was hy te naby aan die pot kookwater en val met sy agterstewe in die pot. Hy het lelik verbrand en Pa moes dokter toe ry, met Gert toegedraai in Ma se beste wit gastedeken. Daardie dae het elke huis ‘n spierwit deken gehad, wat net vir gaste of siekte uitgehaal is. Gert moes drie dae in die hospitaal bly en verder moes Ma hom versorg. Hy het daarna altyd ‘n wit sitvlak en bobene gehad,wat nogal snaaks was by so ‘n donker ou. As die seeppot ‘n bietjie voller was, was Gert dalk heeltemal wit. Toe Gert groter word, het hy in ‘n buitekamertjie by die waenhuis wat Pa gebou het, geslaap. Pa het transport gery en het altyd dromme petrol in die waenhuis gebêre. Ma het eenkeer sy kop met ‘n fynkam uitgekam om die luise uit te kry. Sy het die luise op ‘n koerantpapier op ‘n leë petroldrom uitgeskud en die papier net daar aan die brand gesteek. Die drom se prop was waarskynlik af, want die petroldampe het met ‘n groot slag ontplof, gelukkig sonder dat Ma of Gert iets oorgekom het.

## Kuier op Breipaal by Oupa en Ouma



*Breipaal se huis*

Die kuiertjies saam met Ma op Breipaal (*Die plaas is op die Ouberg pad*) was vir Awie, Cella, Manie en Sannie wat kan onthou, 'n groot opgewondenheid. Ons het met die twee-disselboom karretjie gery, met Ma wat leisels vashou. By die steil bulte het ons afgeklim en vooruit gehardloop. Breipaal was die mooiste plek op aarde met sy ou rietdakhuis en wilgerbome - so het ons geglo. Ons het gehelp om mooi patrone met ons vingers in die misvloer te trek as dit "smeerdag" was. Die kombuis het altyd na koffie en vars brood geruik en die koskas na suurdeeg en rou koffiepitte. Die dam was soos 'n see. Cella het geglo die stalle en hoë klipmure was die presiese plek waar Jesus gebore is. Daar was altyd 'n paar donkies, 'n bees en 'n paar siek bokke in die kraal.

Oupa is elke oggend vroeg met sy emmertjie na die bokkraal vir die brekfismelk. Hy was baie handig met sy haakkierie om die bokke uit te vang en met sy bokbaartjie en waardigheid was hy soos 'n figuur uit die kinderbybel. Die jonger Steyn seuns, wat baie kattekwaad gedoen het, het baie respek gehad vir sy leerbelt. Oupa het dikwels vertel van sy "vee- oppas" dae en dat hy soos Dawid die Here in die veld leer ken het. Sy Hoog Hollandse bybel het hy saamgedra, dit was sy enigste leerboek, hy het nie skoolgegaan nie. Hy en Ouma kon warm redeneer toe die bybel in Afrikaans vertaal is, volgens hulle was dit nie 'n "bybelse taal" nie. Miskien omdat Cella Ouma se naamgenoot was, het sy baie dikwels in haar voorskoolse jare by Oupa en Ouma gaan kuier.

## Twistniet

In vergelyking met die klein plasie op Leeuwrivier was Twistniet 'n baie groot plaas, dit het bo van die Langeberge af tot onder by Poortjieskloofdam gestrek, alhoewel die meeste maar veld was. Die hele plaas was 1346 morg groot. Die trek vanaf Leeuwrivier was in Maart 1943 en alles is met die Ford lorrie aangery. Die druiwepers is agter die lorrie gehaak. Manie was toe ses jaar oud en het omtrent die hele pad agter die pers geloop, want die lorrie moes baie stadig ry. Na Leeuwrivier was Twistniet vir ons kinders soos 'n ander wêreld. Die berg was sommer naby en daar was die twee waterslote en baie groot bome. Daar het baie families, bruines en wittes, gebly en speelmaats was volop. Die vorige mense se ou bottels, blikke en ander afvalgoed was interessante ontdekkings en het lekker speelgoed uitgemaak.

**Twistniet se huis**




Toe ons in 1943 op Twistniet gaan bly het, was die huis al baie oud, maar nog min of meer in sy oorspronklike vorm. Dit was seker een van die oudste huise van sy soort in die distrik. Dit was ‘n rietdakhuis met ‘n tipiese T-vorm en kleimure van 70 cm dikte. Net die spens (eetkamer) en klein slaapkamer het ‘n plat sinkdak gehad waarop die pampoene en patats uitgepak is, maar dit is waarskynlik later aangebou.



*Oorspronklike huis met rietdak*

*Twistnet se woonhuis soos dit nou lyk (2000)*



Die stoep met sy veranda, het ‘n klein buitekamertjie gehad waar Awie en Manie geslaap het. Die deurslot was ‘n snymasjien se “pitman”. Soggens voor skool moes Awie eers gaan melk. Een oggend, nadat Pa ‘n paar keer geroep het, is Pa voor die deur en dit beteken slae. Solank Awie aantrek moes Manie die “pitman”, wat skuins teen die deur staan en as slot gedien het, vastrap sodat Pa nie die deur kan oopkry nie.

Manie se eerste dag met die huis was maar rampspoedig. Pa het hom gestuur om die draadtang in die laai te gaan bêre, die huis was nog vreemd en hy gaan bêre dit toe in die “sideboard” se laai. Toe Pa die tang later soek en dit nie kry nie, het hy ‘n hengse pak gekry, want hy moes die tang in die kombuistafel se laai gebêre het!

Die voorhuis was soos dit vandag nog lyk, maar dit was die middelpunt van die huis waaruit al die ander vertrekke ‘n deur gehad het. Daar was die voordeur, ‘n deur na die kombuis, ‘n deur na Pa en Ma se slaapkamer, ‘n deur na die binneste slaapkamer en die badkamer. Almal was sulke lae kopstamper deure van geelhout, maar natuurlik bruin geverf. Die plafonne was ook van geelhout en ook bruin geverf. Die vensters was almal klein met opskuiframe en luike aan die buitekant.

Die solder was lekker groot, met ‘n houttrap langs die huis om daar te kom. Dit was die bêreplek van die kos (meel, sout, droëbone, aartappels), gesoute velle en dan die rommel wat Pa op die vendusies gekoop het. Hennie het eendag ‘n ou omslagboor op die solder ontdek en besluit om vir hom ‘n loergaatjie na die kamer te boor. Ongelukkig was Ma net op daardie oomblik in die kamer toe die boorpunt deurgaan en betrap hom toe op die solder. Sy was baie kwaad en het belowe dat Pa vanaand daarvan sal hoor, maar daar het toe niks verder gebeur nie en die loergaatjie is seker nou nog daar.

Die huis het maar kwaai gelek as dit gereën het. Die kombuis het ‘n groot vuurherd gehad aan die suidekant, met ‘n houtkas langsaan. Dit was ‘n groot ou vuurherd en ‘n mens kon saans langs die stoof op die vuurherd sit vir warmte. Die skoorsteen het op ‘n dag ingeval op die vuurherd en die stoof stukkend geval. ‘n Nuwe skoorsteen moes toe gebou word, maar dit is in die oostelike hoek gebou en ‘n nuwe stoof ingesit. Die stoof was kleiner as die eerste, maar ons het baie wintersaande voor daardie stoof gesit. In die kombuis was ‘n lang, smal spens, maar dié se muur is later uitgebreek om die kombuis groter te maak.

Toe die dak te veel begin lek het, wou Pa en Ma dit laat oordek. Die dekriet was al gekoop en aangery van Riversdal af met die blou Ford lorrie, daar in die vroeë vyftigs. Bokant die huis was ‘n hoenderhok rondom ‘n koeniebos en ou perdestal gebou, die hoenders het in die bos geslaap. In die tyd was daar ‘n groot plaag van vlooie en weeluise en die hoenders se slaapplek was die bron daarvan. Pa het geglo ‘n vuur kan baie dinge regmaak en al het hy nie gerook nie, was hy nooit sonder ‘n boksie vuurhoutjies in sy sak nie. Die koeniebos moes toe brand gesteek word, maar die wind het verkeerd gedraai en die vonke het op die dak beland en die dak het begin brand. Almal moes help water aandra uit die sloot om die vuur dood te kry.

Dit was ‘n groot skrik en net daar is besluit die rietdak moet af en die huis moet ‘n sinkdak kry. Dit was in dieselfde tyd toe so baie rietdakhuise in Hermanus op een slag afgebrand het. Terwyl daar gewerk moes word, is die huis sommer groter gemaak deur die stoep te vergroot en twee stoepkamers aan te bou. Die houtvensters moes ook plek maak vir staalvensters. Die bouer was ‘n Beselaar en die skrynwerker ‘n Bruwer, albei van Robertson en albei lief vir hulle bottel.

Vir daardie tyd was dit ‘n groot verbetering, maar agterna beskou, is dit ‘n groot jammerte want die huis het sy oorspronklike karakter heeltemal verloor, en dit alles oor ‘n klomp weeluise!

‘n Hollandse tannie het die oorspronklike huis in potlood geskets om agterna te skilder, maar ons het nooit haar skildery gesien nie.

### Twistniet se werf

Die ou groot bloekomboom langs die huis het die hele werf gedomineer. Dit was die grootste en mooiste bloekomboom in die hele distrik, sy stam se omtrek was seker maklik 20m en hy was sowat 70m hoog. Hy het een dik dwarstak gehad waaraan Ma sê “safe” met die vleis gehang het en waar die afgeslagte skape gehang is om af te koel.



*‘n Uitsig oor Twistniet, met die krale en rietdakhuis in die voorgrond*

As Oupa Manie Steyn by ons kom kuier het of toe hulle langsaan gebly het, het hy graag daar by die sloot in die koelte gaan sit en vir Ma aartappels geskil of boontjies gekerf. Daar was baie ander bloekombome en Oupa Manie het vertel dat hy nog die een onderkant die huis geplant het toe hy by oom Piet van Zyl gewerk het.

Die twee akkerbome wat voor die huis gestaan het, was seker al honderd jaar oud. Die een wat oorgebly het, is so gesond dat hy nog ‘n honderd jaar kan leef, sy maat het intussen die gees gegee.

Toe ons daar gekom het, het daar nog ‘n vervalle ou viervertrek rietdakhuis aan die westekant gestaan. Dit was ‘n regte spookhuis waaruit allerhande geluide gekom en waar goeters beweeg het. Pa het die huis kort nadat ons daar gekom het, afgebreek.

Die twee mosgate langs die huis was nog in gebruik. Pa het vertel dat sy eerste druiwe-oes se mos in daardie gate gestoor is. Die gate was nie heeltemal dig nie en die mosgat het al voller geword soos die water vanaf die sloot daar naby ingesypel het. Blykbaar het die mos nie sleg geword nie, hy moes dit net vinnig wegry KWV toe. Hy moes toe nuwe mosgate bou vir die volgende jaar se oes, die twee ou gate is met grond en huisafval volgemaak.

Twee waterslote vanaf die twee klowe het langs die huis verbygeloop en dit was ons drinkwater en leiwater. Die sloot aan die duskant (westekant) het altyd so ‘n straaltjie geloop, deur ‘n ysterpyp in ‘n klein sementdammetjie. Ons het van daardie plek as “by die pypie” gepraat, waar ons die emmers water vir die huis moes gaan volmaak. Die ou adamsvyboom het by die pypie gestaan. Eers later is ‘n reservoir gebou wat volgepomp moes word, want ons het toe krane in die kombuis en badkamer gekry.


Langs die adamsvy was Ma se ou groot seeppot ingebou op ‘n oond. Die pot was hoog en Gert sou nie weer daarin kon val nie. Die pot was veeldoelig, daarin is water gekook vir varkslag, Ma het daarin seep gekook en na parstyd is daarin moskonfyt gekook van die nadruiwe en die wildewingerd se klein swart druiwetrossies.

Ma het op ‘n stadium ‘n mooi rotstuin bokant die huis gemaak en allerhande vetplante geplant. Haar trots was die “Queen of the Night”, met sulke mooi wit blomme wat net in die aand oopgegaan het. Vir die rotstuin moes ons baie klippe uit die berg aandra, nie sommer enige klip nie, hulle moes holtes

en gate en allerhande vorms gehad het.

Die lemoentuin langs die huis was lekker maar ook ‘n bietjie van ‘n verpesting, want vir al wat kuiermens was, moes ons ‘n mandjie lemoene of suurlemoene gaan pluk. Weet nie hoekom dit ‘n lemoentuin en nie ‘n lemoenboord was nie, seker omdat die bome sommer so deurmekaar gestaan het en net vir huisgebruik was. Om lemoene te pluk, moes jy boomklim of ‘n leer gebruik, want die blare en lemoene het eers so koeihoogte begin.

Die ou klipkrale en stalle bokant die huis is met plat klippe en klei gebou. Die kraal was sommer die slaapplek vir die koeie, skape, perde en baie vlooie. Dit was ‘n groot gemors as een van die perde die hek in die nag oopgebreek en al die diere die werf vol geloop het, dan het die kalwers gewoonlik uitgesuip en een van ons was in die moeilikheid. Die kraal het altyd ‘n dik laag mis gehad, wat een keer per jaar uitgery is vir die wingerde en appelkoosbome. Dit was ‘n lekker plek om kalwers en donkies te ry, want die landing op die mis was sag. Die enigste gevaar was dat die ryding jou bene teen die growwe klipmuur kon nerfaf skuur.



*Cella se donkiebrigade*

Die werf lê tussen die twee riviertjies en as dit baie gereën het, was ons soms vasgekeer, maar nooit vir langer as ‘n paar uur nie. Hoekom sou die oumense juis hulle begraafplase langs die driffies maak waar ‘n mens saans met die koeie moes deurloop? By die een driffie was die begraafplaas vir die bruinmense en by die ander onder die lang sipresse die graftes van die witmense, maar die spoke was almal wit. Bedags was dit maklik om daarlangs te loop, maar sodra die son onder is, kry jy altyd hoendervleis as jy alleen is. Die koeie het mos die manier gehad om juis by die graftes in die bosse in te duiwel, so reg in die spoke se blyplek.

## Rietrivier se skool

Die skool het ons s’n geword toe Awie en Cella in Maart 1943 daar begin het (Awie in st 1 en Cella in sub B). Die ander het so een na die ander begin en klaargemaak (Awie 1943 - 48, Cella 1943- 49, Manie 1944-51, Sannie 1945-52, Hennie 1948-53, Alwyn 1951-57, Eddie 1953-59).

Die eerste paar jaar het Awie, Cella en Manie met die tweedisselboom karretjie wat van Leeuwrivier af saamgekom het, skooltoe gery met die esel, Kaffer, in die tuig. Kaffer het bedags by oom Koos van Zyl van Meulplaas in die stal gestaan. Awie was ‘n rowwe drywer, want Jan was sy leermeester, die karretjie is so baie omgegooi dat dit later afgeskryf moes word. By oom Koos se kraalhoek het hy eenkeer die draai te kort gevat en toe tref die een wiel die walletjie teen die kraalmuur, en daar dop hulle om. Gelukkig het almal weg van die omgedopte karretjie geval, sommige duskant, binne-in of anderkant die water sloot. Dit was ‘n groot werk om die esel soggens in te span, by oom Koos weer uit te span en op stal te sit, sodat ons gewoonlik laat gekom het.

Die eerste juffrou was tant Gerrie Combrink, sy is later met oom Joyce Burger van Warmwater getroud. Sy sou vir ‘n rukkie by ons loseer. Dit het ‘n beroering in die huis veroorsaak, want vinnig is

die badkamer opgeknap met ‘n groot, vierkantige sementbad en wasbak met krane wat loop. Die kombuisvloer het ‘n linolium tapyt gekry, die spaarkamer is opgeknap en die wit deken en beste hekellappies uitgehaal. Skielik het die saans se gesig en voetewas voor die stoof tot ‘n einde gekom, dit moes in die kamer of die badkamer gedoen word. Haar verblyf het die peil van ons opvoeding en waarskynlik ons status tussen die ander kinders met ‘n hele paar grade verhoog. Sy het ook aanvanklik op die eselkarretjie gery en het ook die slagoffer geword van Awie en Kaffer se gewoonte om die karretjie in ‘n sloot om te dop. Toe die karretjie finaal gekrok is, het sy maar saam met ons die lang pad skooltoe gestap.

Nadat tant Gerrie weg is, het ‘n baie befoeterde juffrou Van Deventer, wat reeds afgetree was, vir ‘n jaar kom aflos voor oom I.B. Fouche gekom het. Sannie is eers in die middel van die jaar skooltoe en het saam met die aflosjuffrou daar aangekom. Daardie tyd het ‘n mens mos nie voor skool al by die huis iets geleer nie en Sannie het natuurlik niks skoolwerk geken nie en was ver agter by die ander sub A’s. Die juffrou het gedink Sannie is baie dom, want sy kon niks antwoord of doen nie en het elke dag pak gekry, totdat die juffrou uitgevind het wat die probleem was. Toe Sannie in st 8 was, kon sy darem self vir drie weke kom skool hou na haar eindeksamens, terwyl Meneer weg was vir ‘n operasie. Pouses kon sy by tant Emmie gaan tee drink.

Dit was ‘n hele twee-en-‘n-half myl om te loop skooltoe en ons is soggens meer as ’n uur voor die tyd by die huis weg om voor skool nog hasie of aanslaner of iets te speel. As die klok lui, moes ons in rye staan met die vingernaels na bo gehou. As die naels vuil was, moet jy die hande omdraai vir ‘n hou met die kweperlat. Die enigste kinders in die skool met skoene, was Pieter en Anna van Zyl. Wintertye het ‘n mens se voete maar barste gekry van die koue en partymaal het die kinders takke agter hulle aangesleep om die klippertjies uit die pad te vee. Pa het vir Cella en Sannie by die skoenmaker velskoene laat maak, met patrone uitgesny. Hulle was te skaam om dit tot by die skool te dra want dit was maar rof afgewerk. By die meulsloot is dit dan uitgetrek en weggesteek tot na skool. Na skool het ons eers by die meulsloot langs die rivier die laaste toebroodjies geëet. Onder die bruggie in die sloot was die bêreplek vir ‘n bottel melk, wat in die middag na skool yskoud was en gedrink is. Soms het dit tot twee uur geneem om by die huis te kom want langs die pad was baie speelplekke, soos om in oom Bennie-hulle se dam te swem. By Kelderplaas het daar altyd iemand gebly waar ons in die somermiddae eers gou water of koeldrank gaan drink het, of koffie en brood in die winter. By die huis gekom, het die plaaswerk of huiswerk gewag.

Die skool was ‘n hoë, regop gebou met ‘n rooi sinkdak en sulke lang vensters.



*Rietrivier se skooltjie*

Daar was twee klaskamers met ‘n smal lobbie agter, waar ons boeksakke, hoede en toebroodjies gebêre is. So ‘n ent weg was die twee sink kleinhuisies, van die soort met die emmer en Huisgenootpapier. Daar was nooit meer as so 20 kinders nie, vanaf sub A tot st 6 in een klas (vanaf 1954 is die st 6’e ook hoërskool toe). In die middelste kamer is die kaas en vrugtelekkers gebêre, wat in lang speeltyd uitgedeel is deur die grootste kinders, maar onder Meneer se toesig. Die grootste kinders moes na skool uitvee, afstof, bord skoonmaak en sluit. Jy kon dan waag om kaas of vrugtelekkers te steel, maar Meneer was baie skerp daarmee en daar was gewoonlik ‘n klikbek wat die volgende oggend gesê het wie het gesteel.

Meneer (oom IB Fouche) het gewoonlik ‘n bruin of wit pak met onderbaadjie gedra, die wit pak het kwaai beteken. Hy het sy klasse goed georganiseer. Soggens is begin met bybelklas, sing en bid. Daarna gaan die standerds een na die ander voor staan, eers sub A vir lees uit Sus en Daan, dan kom die ander vir skoonskrif, somme, engels, geskiedenis, gesondheidsleer, teken en sulke goed. In sub A begin jy met ‘n griffel, lei en spoeg, in sub B vorder jy na potlood, uitveer en blokkiespapier en in st 2 na ‘n inkpen, kladpapier en ‘n skryfboek met lyntjies. Maandagoggende was dit Sondagskool en daarvoor moes gewoonlik ‘n bybelversie of sommer ‘n hele psalm uit die kop geleer word. Daar was maar so twee of drie kinders in ’n standerd. Om die standerds minder te maak, het Meneer partykeer ‘n hele standerd oorgesit van sub B na standerd een.

Pa en Ma was aktief betrokke by die skoolsake. Pa het gewoonlik op die skoolkomitee gedien, soms as voorsitter. By die skoolkonserte was hy ‘n goeie storieverteller. Juffrou (tant Lettie Fouche) het ons so af en toe afgerig vir ‘n skoolkonsert, gewoonlik oor die engeltjies en die skaapwagters. Die wat vals gesing het, was skaapwagters met ‘n lang baard, pyp en herderstaf wat jy self moes maak. By een so ‘n konsert aan die einde van 1948 was Pa die vader krismis en moes hy presente uitdeel. In daardie tyd is nog lampe en kerse gebruik. Pa se vader krismisklere het aan die brand geraak en dit het ‘n groot konsternasie veroorsaak soos almal gespook het om die vlamme dood te kry. Pa se hande en gesig het baie verbrand en hy moes dokter toe gaan. Ma moes sy hande vir ’n lang tyd dokter. Hennie het eenkeer bygestaan toe sy die verbande van sy hande afhaal en kap toe net daar om, soos sy gewoonte daardie tyd was as hy sulke goed sien. Cella skrik so groot en gee vir hom ‘n beker vuil skottelgoedwater in om te drink. Die wit brandmerke op Pa se hande het nooit weggegaan nie.

Awie was in standerd 6 toe Pa so verbrand het en dit was oestyd, hy moes toe uit die skool bly om die koring met die 1939 Ford mied toe te ry. Oom John het die vrag gelaai en die mied gepak. Die ou lorrie het nog meganiese remme gehad en dit was omtrent ‘n nagmerrie om die graan aan te ry, dit was ‘n goeie vuurdoop om te leer lorrie bestuur.

Die skool is aan die gang gehou deur ‘n string klein Van Zyl’s (drie gesinne), Fouche’s, Smitte, Badenhorste, Marais’s en so af en toe ‘n paar ander, soos die Kichners, oom Jan Bloubok se kinders en die Langeveldts. Die skool het in 1959 gesluit, toe Eddie klaargemaak het met st 5 en ‘n jaar na Meneer afgetree het.

## Twistniet se deelboere

Toe Pa die plaas gekoop het, was deelboerdery ‘n algemene praktyk op baie plase in die distrik. Die deelboer het ‘n deel van die plaas bewerk en was self verantwoordelik vir sy werksmense, gereedskap en ander kostes. Hy moes net ‘n deel van die oes afstaan aan die eienaar, afhangende van wat die ooreenkoms bepaal het.

Pa het vir ‘n paar jaar net die middelste blok voor die huis en die graanlande bewerk. Oom John, Pa se jongste broer, het eers die winkel op **Kruispad** gehad.






*Die ou winkel gebou*

Foto's: Google Streetview

Omtrent 'n jaar nadat Pa Twistniet gekoop het, het hy ook daarheen gekom en op die deel oos van die populierbosrivier met wingerd geboer. Hulle het in die annerkantse hoë huis gebly.


Op Kelderplaas, wat Awie later gekoop het, het verskillende mense geboer. Toe ons daar gekom het, het oom Frikkie van Eeden en oom Piet Joubert nog vir 'n rukkie daar gebly. Die Van Eedens het hulle bestaan uit 'n boomkwekery gemaak. Daar het later 'n Kichner familie gebly, Cella en Alta was omtrent ewe oud en groot maats. Na hulle het oom Eduard in die boonste huis kom bly en daardie deel bewerk. Oom Schalk Burger het ook later gekom met 'n ou Chev lorrie waarmee hy hoofsaaklik transport gery het, hulle het in die onderste huis gebly totdat hy later by oom Fransie du Toit op Scheepersrust om 'n deel gaan boer het. Na hulle weg is, het oom Hendrik Langeveldt met sy vee daar kom staan vir ongeveer 'n jaar. Hulle het drie groot seuns gehad wat in die polisie was. Daar was ook drie jongeres wat vir 'n jaar saam met ons op Rietrivier skoolgegaan het, naamlik Kowie, Bettie en Piet. Na hulle het oom Hendrik (Vaalfrans) Conradie daar ingetrek, maar hy was bietjie lui en Pa moes maar die boerdery hanteer, hy het net gehelp. Na hulle het Oupa en Ouma daar ingetrek.

Oom Jan Bloubok en tant Sarie Conradie het in Quariga met wingerd en bokke geboer en in die hoë rou baksteenhuis gebly. Oom Jan was nie te fluks nie, maar het 'n harde stem gehad en kon sommer sy hele plaas so van die hoë stoep af boer.

Oom Abraham en tant Ellie Rossouw het in Poortjieskloof bokant die dam met wingerd en bokke geboer. Oom Abraham is daar gebore en sy ouers het in ons tyd nog daar gebly. Hulle eerste huis




Foto: Google Streetview
was by die mosgate, maar later het Pa vir hulle 'n groter huis gebou. Die werf was net nabankklip en daar het niks behalwe bloekombome gegroei nie. Oom Abraham het oor naweke op sy bankie gesit en rook aan sy kromsteelpyp en so saam met die huis se skaduwee al om die huis geskuif.



*Poortjieskloof se dam*

In 1955 is begin met die bouery aan Poortjieskloofdam en dit het sowat drie jaar geduur. Dit was ons "groot attraksie" waarna al die kuiermense moes gaan kyk. Die dam sou al die wingerde toestoot en Pa het toe in 1956 'n nuwe huis op Quariga laat bou. Awie het die dakmateriaal met een vrag met die 1952 Fordlorrie op Worcester gaan haal. Die dam se water het egter al amper tot by die voordeur van Poortjieskloof se huis opgestoot voordat oom Abraham ingewillig het om te trek.

## Parstyd

*Druiwemeul en Fairbank Morse enjin*





Links: Pa se ou druiwepers in Awie se versameling



Oom John op die pers

Toe ons op Twistniet gekom het, was daar ‘n ou stookketel waarmee oupa Manie Steyn in sy jongdae vir oom Piet van Zyl brandewyn moes stook. Pa het soms nog van die nadruiwe en soms van die vars doppe witblits gestook, maar dit is later onwettig verklaar en die inspekteurs het die koperspiraal vol gate kom kap. Oom Johnny Ritter, Joan se pa, het ‘n mooi stookketel model hieruit gemaak. Die parsery was aanvanklik baie primitief. Die druiwe is in houtbalies of dromme op ‘n perdekar aangery, die kar kon so vier tot ses dromme dra. Die druiwemeul is met die hand gedraai, dit was harde werk. Die gemaalde druiwe is in ‘n oop kuip gehou, waaruit die sap in ‘n ander kuip geloop het. Elke dag se doppe is in ‘n ander kuip oorgegooi waar dit begin gis het. Die doppe is later uitgepers met ‘n handpers. Nadat die mos klaar gegis het, het dit gekwalifiseer as A1 of Rabat, waarvan die KWV brandewyn gestook het.

Die mos is aanvanklik in houtvate met die lorrie KWV toe gery, maar later het die KWV 5 lêer staaltenks voorsien wat met emmers volgemaak moes word.

Oom John het baie kere vir Awie vyfuur soggens met ‘n beker koffie kom wakker maak om hom voor skool te kom help doppe oorgooi, daar moes plek gemaak word vir die dag se parsery.

Met parstyd het al die deelboere saamgewerk en die een by wie gepars is, se vrou moes vir almal, arbeiders inkluis, kosmaak.

Gelukkig was Pa lief vir masjiene en het hy gou ‘n Fairbank Morse enjin gekoop om die druiwemeul te draai en die mos oor te pomp. Net die doppepers moes met die hand gedraai word, dit was ‘n stadige proses en twee mense se werk.

In die vroeë 50’s het die KWV self parsgeriewe gebou en is die druiwe dorp toe gery. Met die houtbaklorrie het baie sap uitgeloop, maar dit was minder werk as om self te pars. Awie het vir ‘n paar jaar al Twistniet se druiwe KWV toe aangery, eers in die oop bak en later in die toe staalbakke wat die KWV voorsien het.

Met die koms van die koöperatiewe kelders in die 1960’s het die bedryf baie vinnig gevorder toe begin is om self goeiewyn te maak.

Toe ons nog self mos gemaak het, was soetmos, wat net begin gis het en so ‘n stekie op die tong gehad het, ‘n lekker koeldrank. Ma se twee Kannemeyer neefs het een vakansie in parstyd kom kuier en hulle wou ook graag soetmos drink. Pa meng toe vir hulle sterk mos en soetmos, hulle was twee dom stadsjapies en het genoeg gedrink. Toe die twee lekker aangeklam was, moes hulle gaan help tamaties pluk. Ons het ons slap gelag vir die twee wat kort-kort oor hulle eie voete geval het sonder om te besef wat hulle probleem is.

Een van die werksmense, ou Lood, het in parstyd sy seun gestuur om oor middagete wanneer die ander rus, gegiste mos in een van die gate te gaan haal en dan is hy die middag dronk in die werk. Die aand het Pa vir hom ‘n paraffienblik mos geskep en laat drink totdat hy nie meer kon nie. Hy kon beswaarlik daar opstaan en die ander moes hom huistoe dra, waar hy geslaap het totdat Pa hom die volgende dag elfuur gaan wakker maak het. Dit was die laaste keer dat hy mos gesteel het.

Die beeste was ook lief om aan die nat geperste druiwedoppe te vreet en as hulle nie gou gekeer is nie, het hulle heeltemal wild geraak van dronkgeit.

## Koring oestyd

Twistniet het baie graanlande gehad, al was die reën nie genoeg om dit as ‘n goeie graanplaas te beskou nie. Die vorige geslag het die meeste van die koringlande natgelei, die slote se oorblyfsels bokant die lande is nou nog te sien. Die eerste selfbinder (ons het gepraat van snymasjien) was ‘n groot aardigheid, dit was nog voor die era van die trekkers en dit is deur ‘n span perde getrek. Die ding met die een groot wiel wat die waaier en lem aandryf en ‘n klein wielietjie op die punt wat sommer ‘n ses voet strook koring sny en self die gerwe bind, was ‘n groot verbetering op die sekels. Voor ons tyd het hulle nog met die sens ook koring geny.

In 1958 moes die snymasjien plek maak vir die Sunshine stroper wat deur die trekker getrek is. Met hom was die grootste werk om die koringsakke aan die hake te hang en die volles toe te werk en af te gooi. Om egter agterna die koringsakke op die lorrie te laai was swaarder werk as om gerwe te laai. Gerwe op ‘n hoop pak, later mied toe aanry en muise met die honde jaag en te kyk hoe netjies oom Abraham die mied pak, was seker ook werk, maar vir ons kleiner kinders was dit ‘n baie lekker tyd van die jaar. Oom Alwyn Steyn het gewoonlik by ons kom dors met sy ou Buldog Lanz trekker en die blikkerige dorsmasjien met die baie “pulleys” en bande. Sulke tye was al wat leef op die plaas by die dorsery en almal, wit en bruin, was ewe wit van die stof. Dit was ook gemmerbiertyd.

In 1959 het Pa ‘n selfaangedrewe Massey Harris stroper gekoop, waarmee Awie deur die hele distrik vir mense gestroop het vir £3-7-6 per uur. Kort nadat hy en Rachel getroud is, moes hy in die Karoo by Bylshoek omgewing vir oom Jan du Plessis gaan stroop. Die lande was sowat 20 km vanaf oom Jan se huis by Pypsteelbosfontein. Die paaie was baie sleg. Awie het met die stroper gery en Rachel met hulle eerste bakkie, ‘n 1954 Chev. Die plan was dat hulle sou uitkamp by ‘n ou veewagterhuisie van klip, langs die veekrale. Al hulle kos en toerusting was op die bakkie gelaai. Die kliphuisie was toe nie meer ’n plek om in te slaap nie en die aand was baie koud, selfs vir pasgetroudes. Hulle het maar die slegte pad aangepak om by oom Jan se huis te gaan slaap. Pa en Ma het die volgende dag met die lorrie gekom om die graan na oom Jan se stoor aan te ry. Oom Jan het na die tyd vir hulle ‘n lekker piekniek gemaak en vleis gebraai, want dit was meer opoffering as winsgewend om in daardie omstandighede te gaan stroop.

## Kattekwaad

Pa se stories oor hulle kattekwaad in hulle jongdae het ons ook geinspireer om die tradisie rondom oujaarsaande voort te sit. By Leeuwrivier was dit die jong Van Zyl’s, Steyn’s en Swanepoels en by Twistniet die Van Zyl’s, Marais’s en Badenhorst’e wat sulke tye saamgekoek het. Pa het self ook deurgeloop en by Leeuwrivier het hy een nuwejaarsoggend sy perdekar bo-op die waenhuis se dak ontdek. Oom Willem Marais was ‘n baie bang ou en dus ‘n lekker teiken vir poetse bak. Een aand het Awie-hulle saam met oom Schalk die oom se voordeur met ‘n dwarsbalk en draad gaan vasdraai.

Agterna het hulle gehoor dat oom Willem die polisie laat kom en vir hom ‘n nuwe haelgeweer aangeskaf het.

Pieter Fouché het by Cella gekuier toe sy op kollege was. Gert Badenhorst was nog ‘n oujongkêrel en Awie, Manie en Johannes en Van Zyl Marais het gereeld by Gert se huis saamgetrek. Een Saterdagaand, toe Cella met vakansie by die huis was en Pieter weer op Twistniet gekuier het, het die klomp Pieter se terugpad, tussen die grootpad en die skool, so elke 200 treë vol klippe, takke en dromme gepak. Die hek is met ‘n tang en draad styf vasgedraai. Toe hy laataand terugry huistoe met sy pa se 1934 Chev, wag hulle hom in en loop al agter die motor aan om hulle te verkneukel as hy in die motor se ligte so sukkel en swets om die pad oop te kry.

Ons het as kinders baie vir Pa dopgehou as hy gaan heuning uithaal het. Dit kon nie so moeilik wees nie, omdat dit nie gelyk het asof die bye hom ooit gesteek het nie. By die populierbosrivier se dammetjie het ‘n ou stukkendewaterpyp gelê met ‘n swerm bye in. Dit het gelyk of die pyp al vol heuning kon wees en ons kon nie toelaat dat dit verlore gaan nie.

Alwyn en Eddie was nog in die laerskool en het besluit dat as hulle dit nie uithaal nie, sal iemand anders dit kry. Gewapen met ‘n opgerolde goiingsak en vuurhoutjies het hulle twee en ‘n paar van oom John se kinders die pyp benader. Die punt van die sak is voor die tyd brandgemaak sodat dit genoeg rook sou afgee om die bye dronk te maak.



*Eddie en Alwyn, die twee heuninguithalers*

Die plan was dat Eddie die rokende sak moes vashou en Alwyn sou die heuning uithaal. Die bye het hulle nie aan die plan gesteur nie want die oomblik toe die rook by die pyp se opening kom, was daar chaos. Die rook was net te min vir al die bye wat daar uitgekom het en dit was in niemand se plan ingewerk nie. Na die eerste bysteke is die rokende sak laat val en elkeen het in ‘n ander rigting laat spaander. Alwyn en Eddie het deur die rivier gehardloop, maar die bye moes geweet het hulle is die skuldiges en die hele swerm is agterna. Eers is daar sand in die lug gegooi met die hoop dat dit hulle sou afskrik, maar dit het hulle nog net kwaaier gemaak. Die volgende stop was die watersloot waar die water in die lug opgeskiet is. Na ‘n tyd was daar seker nie meer bye met angels oor nie want meteens was daar geen bye meer nie en is die twee vol pyn en druipstert huistoe. Of daar ooit heuning was sal ons nooit weet nie, aangesien die smeulende sak die plek aan die brand gesteek het. Die byenes het in die slag gebly en ’n deel van die rivier het ook skoon gebrand.

## Plaaslewe

Aanvanklik het die roomafskeier (seperator) in die kombuis gestaan, maar later is ‘n klein melkkamertjie langs die kombuis aangebou, waarheen die roomafskeier geskuif is. As mens klein is, dan is dit ‘n aardigheid om die roomafskeier te draai, maar as jy groter word, is dit net nog een van jou aandwerke. Alwyn moes weer een aand met kerslig die roomafskeier draai, toe die skroef bo-op die bakkies loskom. Die bakkies skiet met ‘n onaardse lawaai in alle rigting, die vonke spat en die melkbak tuimel af. Alwyn het hom kapot geskrik en met sulke bobbejaangeluide by die kombuis ingestrompel en half flou geval in iemand se arms. Ma het vir hom suikerwater ingejaag.

Op Twisntiet is nog so hier en daar oorblyfsels van die klipheinings wat die oumense gepak het vir heinings, voor die tyd van draadheinings. In ons tyd was draadspan 'n belangrike deel van die werk, want die draadheinings moes gedurig in stand gehou of nuwe heinings gespan word. Alwyn was net klaar met skool en het kom boer toe hy en die werksmense die draadheinings om die kampe in Quariga se veld moes oorspan.



*Awie en Rachel se versameling van 'n roomafskeier, bottervorm, meelsif, karring, koffiemeul, wynkarba,melkemmer, skaal en kalbas*


Baie van die wenpale daarlangs was nog van die lang klippale. By een punt was hy besig om die laaste draad met die draadmasjien styf te trek, toe die klippaal middeldeur breek. Die klip tref hom reg voor die kop waar hy gebukkend sit en toe hy op sy sitvlak beland, word alles swart voor hom. Met 'n yslike wond aan die kop en baie bloed oor sy gesig het hy by tant Ellie gaan hulp kry.

Pa het vir ons 'n enkelskoot .22 geweertjie gekoop om die vinke, rooivlerke en muisvoels in toom te hou wat so gepla het in die appelkose. Manie en Paul Jordaan was een Saterdagmiddag na 'n reentjie agter patryse aan. Alwyn was op die verkeerde tyd aan die verkeerde kant van die patryse toe 'n opslagkoeëltjie hom in die kuit tref. Sannie het die twee, wat maar goed geskrik het, behoorlik die leviete voorgelees en die loodpunt, wat nie te diep in die vleis was nie, uitgehaal. Dit het nogal baie gebrand en die merk sit nog daar.

## Herklaas

Herklaas se naam is seker afgelei van Herculus, want ons het hom eintlik Herklus genoem, sy naam is mos nooit êrens opgeskryf nie. Hy was 'n taai perdjie met 'n karakter van sy eie en baie vuur. Sy pa se naam was wel Herculus, van oom Abraham Rossouw. Hy en Venus was altwee donkerbruin, kleinerige boerperde, met Venus net 'n ietsie groter en rustiger. Hulle twee het net so baie gewerk soos al die klein Van Zyltjies saam, want hulle moes wingerdploeg trek en naweke was hulle ons ryperde. Hulle het nog 'n maat gehad, Emilie, 'n langbeen, rooibruin merrie. Omdat sy haar been in die motorhek seergemaak het, kon sy nie eintlik werk nie en het maar net die ander twee geselskap gehou. Manie het darem so af en toe met haar gery, maar sy was 'n bietjie beduiweld en haar been het ook gou lam geword.

Oom Hendrik Langeveldt se seuns was in die berede polisie en hulle het destyds aangebied om Herklaas in te breek as 'n ryperd. Herklaas het hulle soos vrot velle afgegooi. Die een se voet het in die stiebeuel vasgehaak en Herklaas het hom gesleep. Sy gesigvelle was rou geskuur en hy was lank uit aksie. Toe hulle later bang was, het Gert Badenhorst opgeklim en vir Herklaas mak gery. Manie het later vir Venus ook opgesaal, ten spyte van Pa se waarskuwing dat hy sy nek sal breek, en hom mak gery.



*Cella op Herklaas*

Die ander kinders het later so op ‘n streep op Herklaas geleer ry. Vrydag middae na skool is hy opgesaal om te gaan pos haal by Kruispad se winkel. Hy het ook die beneukte Van Zyl streep gehad en kon skielik vir niks skrik en dan wegswenk, as jy dan nie wakker gesit het nie, het jy reguit aangehou grondtoe. ‘n Mens het later geleer om so te val dat jy op jou voete afkom en die leisels bly vasklou.

*Awie se wingerdploeg en tuie*



Herklaas en Venus het in wingerd werktyd maklik vir ‘n week of selfs langer die wingerdploeg getrek. Hulle het skofte gewerk, elkeen kry ‘n skof in die oggend en dan weer ‘n skof in die middag. Die werkstyd was van sonop tot sononder. Die gebruik was altyd dat die oudste, dit kon Awie of Manie wees, die ploeg vashou en die jongste (Hennie, Alwyn of Eddie) die perd lei. As die ploegman loop en droom en die ploeg laat glip en dit om ‘n stok se stam haak, word die touleier uitgeskel, hy was die jongste en dit was altyd sy skuld. Die res van die werksmense moes die bankies skoffel en dit was harde werk, veral aan die begin van ‘n skoolvakansie as mens se hande en rug nog nie gebrei was nie.

Die twee perde het nooit siek of kruppel geword nie. Oom Abraham se perde was groter en was eintlik karperde, maar nie een van hulle kon vir Herklaas weghardloop of het ‘n langer asem gehad as hy nie. Eintlik het ons vir Herklaas bietjie mishandel en Awie was baiekeer ontevrede as daar oor naweke met hom rondgery word en hy moet in die week met hom wingerd ploeg.

Met Montagu gemeente se eeufeesviering in 1954 het Manie met Herklaas in die perde-optog deelgeneem. Toe hy later by Klawer gaan boer het, het Herklaas saamgegaan, terwyl Venus en Emilie op Twistniet oud geword het.

## Waldemar



*Ma en Waldemar*

Ons het altyd een of twee honde gehad en die meeste van hulle het maar ‘n regte hondelewe gehad. Hulle mag nooit in die huis gekom het nie en het van die huis se oorskietkos en melk gelewe.

Waldemar was ‘n baie spesiale hond, sover ons gehoor het ‘n opregte “Great Dane”, wat Pa by oom Stanley Harris present gekry het. Hy was nog jonk toe ons hom gekry het, maar al klaar so groot soos ‘n kalf en met so ’n mooi blinkgrys vel. Vir hom is daar spesiaal pap gemaak, die oorskietkos was nie genoeg nie. Toe hy eers uitgegroei was, kon ons op sy rug ry, so sterk was hy.

Hy was lief vir speel en het daarvan gehou om mens se pols of bo-arm in sy bek te vat en dan met jou te hardloop, jy moes lang treë gee want hy kon baie vinnig hardloop. Hy het dit geleer omdat ons altyd vir hom ‘n riem of stuk lap gegee het om vas te hou en dan met hom te hardloop. Hy was ‘n lekker speelmaat, maar omdat hy so groot was en ons maar rof gespeel het, kon hy ook rof raak. Hy was lief om teen jou op te spring met sy pote op jou skouer, dan het jy min kans om regop te bly, veral as hy van agter af op jou spring.

Toe hy ouer raak, het hy soms knorrig geraak. Oom Jan (ouma se broer) het ‘n paar keer baie groot geskrik as Waldemar so teen hom opspring en met sy pote op oom Jan se skouers staan, want dan was hy net so hoog soos ‘n grootmens. Hy het niks van Alfie gehou nie, seker maar omdat dié hom geterg en te veel afgeknou het toe hy kleiner was. Toe Alwyn en Alfie eendag op die stoep sit en speel, het ou Waldemar, wat langsaan gelê het, meteens sonder rede (of so het die storie gelui) opgespring en vir Alfie aan die hand gebyt. Hy het al vantevore ook vir Alfie gebyt. Tant Maria was baie kwaad en het met nie min woorde nie, soos haar manier was, vir Pa gesê hy moet die hond doodskiet, hy gaan nog haar kinders doodbyt. Pa het hom nog dieselfde aand met die haelgeweer gaan doodskiet. Ons was gewoond daaraan dat ou of siek diere of rondloperdonkies doodgeskiet word, maar Waldemar se doodskiet was baie erg. Ons het ook nooit weer so ‘n mooi hond wat so lekker gespeel het, gehad nie.

## Ons nuwe Oddy’s Bodies Ford lorrie

Ons was darem baie trots toe Pa in 1952 met daardie groot, nuwe blou lorrie met die staalbak by die huis aankom. Dit was toe die nuutste en mooiste lorrie in die distrik en het dubbelwiele agter gehad. Ons kinders het toe al ons Fords geken, maar dit was die eerste keer dat ons ‘n Oddy’s Bodies Ford sien. FORD was groot voor op die bonnet geskryf en Oddy’s Bodies in sulke klein lettertjies so half onder die bak aan die agterkant. Ons het maar eers later gehoor die Oddy’s Bodies is die mense wat die staalbakke vir lorries maak en was baie vies toe ons sien daar is Oddy’s Bodies Chev lorries ook. Die staalbak was baie groter as die ou grys 1939 Ford se houtbak en die bak se staalklappe het meer geraas sodat 'n mens die nuwe lorrie verder kon hoor aankom as die oue.

In die koshuis het die nuwe lorrie vir ons en al die Natte baie punte gewen, want daar was nog nie iemand se pa wat ‘n Sap was, wat naasteby so ‘n mooi Chev (of GMC) lorrie gehad het nie (dit was die dae toe ons in die koshuis geglo het die Nat pa’s ry met Fords en die Sap pa’s met Chev’s).

Die nuwe lorrie het ook nog ‘n “throttle” gehad, sodat as ‘n mens agteruit wou ry, jy die deur oopmaak en met die een voet op die trappie staan om goed agter te kan sien, jy trek net die “throttle” uit en hoef dan nie petrol te gee nie. Die nuwe lorrie het met die sleutel gestart, terwyl die oue net ‘n blink skakelaartjie gehad het wat jy moes afdruk voordat jy die wit starterknoppie druk om te start. Awie en Manie kon al van kleins af met die grys Ford ry, maar Hennie, Alwyn en Eddie kon eers in hulle hoërskooldae met die blou Ford leer ry en lisensie kry.

Die ou bruin wakap wat ons altyd opgesit het as ons see toe gegaan het, het mooi op die grys Ford gepas. Die nuwe lorrie was eintlik te grend vir die wakap en die kap het maar ‘n bietjie klein en verspot gelyk op die groot bak, maar in die kampplek by die see het die nuwe lorrie darem die aandag van die outydse wakap afgetrek.

Dit was die dae voor die flikkerligte, maar later moes die lorrie rigting-wysers aankry wat met ‘n hefboompie getrek word, wat hier agter jou kop gesit het. Dit het aan die begin nogal kophou gekos om te onthou watter kant toe om die hefboompie te druk as jy wil draai.

Die blou Ford kon hoog gelaai word met kaf of lusern as die pale met sifdraad opgesit is en dan kon ‘n mens lekker bo-op saamry. Toe ons eendag los lusern so aanry vanaf Quariga, het oom John, Manie en Hennie bo-op die vrag gesit terwyl Pa of Awie bestuur het. Toe die lorrie bietjie skeef kantel deur ‘n sloot teen die bult bokant oom Abraham se huis, breek een van die pale en val omtrent die hele vrag lusern af. Manie en Hennie is saam met die lusern af en is heel onder die vrag begrawe, maar hulle het hulleself so blitsig onder die lusern uitgewikkel voordat Pa-hulle nog kon begin soek en help grawe.

**Pa se ander voertuie en masjienerie**

Awie was altyd lief vir masjienerie en hy kan goed onthou watter lorries, trekkers en ander masjienerie Pa alles aangehou het. Dit moes die transport ryery en die aanry van voorraad vir sy winkel met die eselwa gewees het wat Pa laat besluit om sy eerste lorrie te koop.

*Die eerste lorrie. Pa, Ma, Cella en Awie*



Dit was die klein 1928 Chev lorrie met die houtspeke, meer bakkie as lorrie. As ons op Breipaal by Oupa-hulle gaan kuier het, is daar altyd ‘n vrag mis saamgebring.

Die tweede lorrie was ‘n 1939 Ford V8, ook nog met ‘n houtbak, maar dit was ‘n sterk lorrie en daarmee het Pa ook nog baie transport gery en ook natuurlik mis van Breipaal af. By ‘n sekere bult waar die ou Chevvie gesukkel het in sy “second”, het die Ford sommer maklik in “top” uitgehardloop.

Daardie tyd se lorries het nog nie ratte gehad nie, net “gears”soos “reverse”, “donkie”, “low”, “second” en “top”. Pa het vir ons vertel van die steil veldpad in Johannes Marais se veld waar hy met die lorrie uitgery het om mis aan te ry. Niemand anders het daarvoor kans gesien nie. Op sommige plekke was dit so steil dat ‘n span donkies ingespan moes word om te help trek. Dit was ook die eerste en laaste keer dat ‘n voertuig met die pad gery het.




*Die 1939 Ford*

Nommer drie was die 1952 Oddies Body’s Ford V8 waaroor al geskryf is en sy laaste lorrie was ‘n 1959 model 5 ton Thames Diesel.

Die eerste trekker was ‘n ou ysterwiel Fordson wat hy by oom Kowie Marais gekoop het. Oom Alwyn Steyn, wie toe by oom Kowie gewerk het, het met die trekker kom appelbome uittrek op Twistniet, maar die ou ding het baie probleme gegee en kort daarna het Pa ‘n geel ysterwiel McCormick Deering gekoop. Hy het ‘n ystersitplek met so ‘n stywe veer gehad waarop ons alte lekker gespeel het. Die ysterwiele het baie stamperig gery, maar met sy wielkappe het hy nie maklik vasgesit nie. Toe die Bloubottel Fordson eendag vassit waar hulle besig was om dam te maak, het oom John die McCormick gaan haal. Al die kleintjies wou natuurlik saamry en Alwyn was ook by. Dis toe oom John deur ‘n sloot ry dat die wippende sitplek vir Alwyn teen die kop tref en hy “lights-out” in die stof val.

Die derde trekker was ‘n nuwe 1948 McCormick W6 met lugbande. Na hom is die Fordson Major (Bloubottel), met sulke hoë, smal lugbande gekoop wat so maklik vasgesit het. Tot hiertoe was al die trekkers paraffien (Voco) modelle wat met ‘n slinger gestart moes word, ‘n Mens moes darem al taamlik spiere gehad het om die trekker se slinger te kon draai, as jy nie jou storie geken het nie en nie ‘n voile draai kon gee nie, het die slinger jou arm hard teruggeruk. Eintlik is die trekker met petrol gestart en sodra die enjin goed loop, is die paraffienkraantjie oop en die petrolkraantjie toegedraai.

Nommer vyf was ‘n 1954 Fordson, van die eerste dieseltrekkers en boonop met ‘n battery en selfstarter. Die trekkers se batterye was ook meer dikwels pap as gelaai en dan is hy op ‘n skuinste geparkeer as jy nie wou slingerdraai nie. Die laaste trekker wat Pa gekoop het, was ‘n groot Super Major Fordson.

Sy eerste motor was ‘n grys 1939 Ford Mercury en daarna ‘n groen 1946 Ford. Nommer drie was die 1954 grys Ford waarmee hulle in 1957 Rhodesië toe is. Sy eerste nuwe motor was ‘n 1960 Zephyr. Voordat hy geswig het voor die Japanese motors, was Pa ‘n gesworе Ford-man en ‘n getroue Roulou Barry kliënt.

### Oom John se swart Ford

Oom John se eerste motor was ’n 1928 Ford wat hy by oom Coenie Feyt gekoop het. Dit was ‘n swart “two-seater” met ‘n “diekie” agter wat kon oopslaan vir twee ekstra sitplekke. Agter was ‘n bagasierak

en langs die kante sulke lekker breë trappies waarop ‘n mens kon saamry. Die motor het ook nie ‘n battery gehad nie en moes altyd met die slinger gestart word, maar hy het darem ‘n “throttle” (hefboompie vir handpetrol) gehad. Die deure het nie vensters gehad nie, net seiltjies wat langs die kante aangeknip kon word met ‘n stukkie deurskynende selenoid in die middel. Oom John het egter nooit die “vensters” aangesit nie en dan het ‘n mens koud gekry en soms natgereën as jy agter sit.

Pa en oom John het beurte gemaak om ons Sondagmiddae terug te neem koshuis toe. As dit oom John se beurt was, was ons altyd so skaam as hy ons met die ou kar voor die koshuis aflaai, veral as hy hom afgeskakel het en weer met die slinger moes start. Ons het altyd gehoop dat daar te veel motors in die koshuis se vierkant sou wees, sodat hy agter die heining moes stilhou om ons af te laai.

Vandag sou dit ‘n waardevolle veteraanmotor gewees het, maar by oom John het dit later onder die bloekomboom bly staan en as hoenderhok gedien totdat hy dit later aan ‘n versamelaar van die Kaap vir £30 verkoop het. Na die Ford het oom John so ‘n blouerige 1937 Chev by oom Dan gekoop vir £40.

## Ons eerste draadloos

Dit was in die vroeë 50’s toe ons ‘n ou groot draadloos gekry het, omtrent so groot soos ‘n televisiestel. Daar was nog nie elektrisiteit op die plaas nie en die draadloos het met ‘n 6-volt motorbattery gewerk. ‘n Windlaaier is bokant die huis opgesit, waarvandaan twee drade na die huis geloop het om die battery te laai. Die deskundige van die tyd was oom Manie Steyn, wat die windlaaier, lugdraad en draadloos kom opstel het. Die ontvangs was maar sleg, ons kon net kortgolf opvang en ‘n baie lang paal is bokant die huis geplant, waaraan die lugdraad gekoppel is. Saans as die draadloos aangeskakel word, moes die windlaaier gestop word, anders suis dit te veel en kon mens niks hoor nie. Saans se sewe-uur nuus was omtrent die hoogtepunt, dan het oom John ook oorgekom om te luister. Ons kinders het op ‘n kombers in ‘n kring om die draadloos gesit en moes doodstil bly, want die kortgolf het so gesuis en gesjoei dat almal naby moes sit om te kan hoor, Pa en Ma op die stoele weerskante van die draadloos. Saterdagaande was dit die mielieblaarklub met oom Merten en Nefie, met boeremusiek tussenin. Die Du Plooys van Soetmelksvlei het eers later bygekom. Verkiesingstyd is daar omtrent heelnag deurgesit om te luister of die Natte dit gaan maak.

## ‘n Telefoon is ‘n wonderlike ding

Die telefoonlyne is in die begin vyftigs na Langeberg se plase aangelê. Voordat die telefone nog begin werk het, was ons grootste plesier om teen die hoë pale uit te klouter en af te gly en om die stukkies koperdraad te versamel wat orals rondgelê het. Die plaaslyne was ‘n groot aardigheid vir die buurt se mense, want enigeen kon inluister. Ons nommer was 2021 en die lui was twee kortes en ‘n lange. Aan die begin het dit baie oefening gekos om die slingertjie net reg te draai. ‘n Mens het sommer gou geweet as dit weer ou “watsenaam” is wat so sukkel om die luie reg te lui. Vir die sentrale was dit net een lang lui, as dit nie ‘n gladde lui was nie, was dit ‘n verskoning vir enigeen om op te tel.

Die afluister was die lekkerste. Die bure het egter gou mekaar se huisgeluide leer ken en het later geweet wie inluister. ‘n Mens het die foon maar druipstert neergesit as tant Emmie sê “dis weer een van Twistniet se kinders wat nou afluister.” Oom Gideon Marais was ook baie lief vir afluister en as die geselskap interessant begin raak het, het hy sommer begin saamgesels. Eenkeer was Pa en oom Bennie aan die gesels oor die foon. Pa het waarskynlik ‘n skewe opmerking oor oom Gideon gemaak, want oom Gideon bars meteens van die kant af in met “nou lieg jy dat dit bars, Hettie van Zyl!”

## Die fiets en die bul

Ons het ‘n gehawende ou fiets gehad, waarvan die een pedaal nog net die middelste pen oorgehad het, die bande so elke myl of twee gepomp moes word en die hakskene as briekblokkies moes

instaan. Dit was in Leeuwrivier se tyd Awie se skoolfiets.

Manie en Hennie het een Saterdagmiddag die fiets rybaar gekry en koers gekry êrens heen, Manie het getrap en Hennie is dwars op die raam ge"lift". Hulle het met 'n groot spoed teen die lang afdraand (bokant Awie se huis) af ge "free", want 'n mens kon amper tot by die grootpad "free" as jy met 'n goeie spoed begin het.

Pa se ou groot Jerseybul het teen die draad net onderkant die kwarriebos gestaan en slaap. Hy was nie 'n probleem nie, want die beeste en die kinders het mekaar geken, die probleem aan die kom was om sonder brieke die skerp draai net voor die damwal te vat. Die bul moes wakker geskrik het toe hy die gevaarte hoor aankom en het skielik reg voor die fiets oor die pad gehardloop. Die fiets is onder die bul deur en Manie en Hennie bo-oor. Dit was die mooiste val, want nie een het seergekry om van te praat nie, net bietjie winduit en nerfaf en nie mooi geweet hoe kom jy op die grond nie, die fiets ook net 'n bietjie gebuig. Gelukkig was dit afdraand en kry mens nie so seer as jy rol nie. Die gevaar van die skerp draai was toe ook weg.

## Manie en die slang

Manie en Piet Langeveldt het die middag onderkant die ou kelder van Kelderplaas in 'n paadjie tussen die wingerde geloop waar die mense in die wingerd gewerk het. Manie was 11 jaar oud en koeie gaan haal was nog sy werk, die koeie het by die poort se dam gewei. Die slang het hom aan die hak gebyt, presies waar die bybel sê hy moet. Piet moes vooruit hardloop om vir die mense te gaan sê, maar hy was te lui of miskien te bang vir nog slange en het maar saam met Manie teruggestap.



*Manie en Waldemar*

Oom Hendrik, Piet se pa, wat toe daar gebly het, het 'n lap styf onder die knie vasgebind en met Manie dorp toe gejaag, met oom John ook saam. Op die dorp gekom, het ou Dr. Coetzee hom nog uitgeskel omdat hy so vuil was en het vir hom 'n baie seer inspuiting gegee.

Piet Langeveldt vertel agterna: "Jissie, my pa het darem gejaag, toe hy oor die damwal ry, trek die Chev. al by die 30!" Een van ons het nog gesê "dit lieg jy jong, hy kan nie eers so vinnig ry nie!"

## Eddie se pruimpit

Dit was Desembervakansie en ons het appelkose gepluk in die middelste boord. Awie het al geboer, maar Eddie was nog nie in die skool nie en nog te klein om te help appelkose pluk, hy kon darem al koffie aandra. Tussen die appelkose het marianna pruimonderstamme gestaan wat sulke klein, donkerrooi suur pruimpies gedra het.

Eddie het bo van die huis af gekom en van die pruimpies geëet terwyl hy na die mense in boord toe draf. In die proses het 'n pit in sy keel vasgesit. Awie was gelukkig by die lorrie en het gesien Eddie

het moeilikheid. Hy het eers vir Eddie aan die voete opgetel en probeer om die pit uit te skud, maar later met hom huistoe gehardloop. Hy en Ma het met die motor dorptoe gejaag, want Eddie se asem het min geraak. Pa is kort daarna agterna met die lorrie, die appelkose was nog nie gelaai nie. Cella het intussen vir Dr. Took gebel en hy het van die dorp af gekom, maar toe hulle by mekaar uitkom, kon Eddie alweer beter asemhaal. Die pit het egter nog steeds êrens vasgesit en Dr. Took het die nag met Pa en Ma en Eddie Kaap toe gery, waar die pit uitgehaal is. Eddie kon darem agterna spog met die pit wat hulle vir hom in 'n botteltjie gesit het.

## Brand in die boonste kamer

Alwyn en Eddie het in die middel vyftigerjare alleen oorgebly in die laerskool en het saam op 'n driekwart ysterkatel in die boonste kamer geslaap. Die matras was 'n Ma-gemaakte strooimatras, soos ook die kussings wat met vere gestop was. Elektrisiteit was nog net 'n snaaksigheid wat die dorpsmense geken het, ons was nog op kerse en olielampe. Eddie het agter geslaap en Alwyn was in beheer van die kers en vuurhoutjies voor die bed. Toe Eddie die nag wou opstaan om 'n draai te gaan loop, moes Alwyn die kers opsteek. Toe Eddie terugkom, moes hy of Alwyn die kers doodblaas, maar albei was te deur die slaap daarvoor. Toe hulle wakker skrik, was die verekussing en matras aan die brand en die kamer toe van die rook. Vere wat brand, kan mos omtrent erg rook. Alwyn het gelukkig kop gehou en die kussing by die venster uitgegooi en Eddie het die brandende matras met sy hande probeer blus. Hulle gille en gehoes en geproes het Pa en Ma gelyktydig by die deur laat instrompel. Die res van die nag moes Ma Eddie se hande dokter, want dit het erg gepyn.

Voor die brand was daar baie vlooie in die kamer, maar lank na die brand en digte rook het hulle nie weer las van vlooie gehad nie.

## Duskant en annerkant

As 'n mens laag af in die ry van sewe kinders is, is jy mos die algemene stuurjonge op die werf en die plaas. Op Twistniet het net die kinders, honde en perde name gehad, die grootmense was pa, ma, oom, antie, outa of aia. Die res van die goed en die plekke is op een of ander manier beskryf en die beskrywing het ook maar gewissel van grootmens tot grootmens. As Pa jou gestuur het, het hy net eenkeer gesê waarheen en wat. As jy 'n dam se pomp moes gaan oopmaak of toemaak, was dit die duskantse dam (die pypie se dam), annerkantse dam (aan oom John-hulle se kant), oorkantse dam (kon enige een van drie damme wees), onnerste dam (by Awie se huis) of die heel onnerste dam. 'n Wingerd of appelkoosboord was ook onnerste of boonste, duskantse of oorkantse, die onnerste of oorkantse draadwingerd, of korentewingerd (daar was gelukkig net een). As Pa so in die verbyry uit die lorrie vir jou iets gesê het van 'n dam, kon jy soms net die "kantse" deel hoor. Dan moes jy maar uitpluis, afhangende van die tyd van die dag of watter sloot loop of staan, van watter dam hy gepraat het en of die pomp oop of toegemaak moes word. Ons het eers later geleer dat ons dampomp is eitlik 'n damsluis en 'n pomp is iets met 'n enjin.

Die lande was ook nie makliker nie. Die riviere omgrens die werf aan drie kante, daarom was almal "oorkantse lande". As Pa van die dorp af gekom het, sou hy vir jou gesê het die koeie loop in die "oorkantse land duskant die onnerste dam". Dit sal so min of meer beteken bokant Awie se huis, maar dit kon ook nog 'n hele paar ander plekke beteken het en dan kon die koeie intussen na 'n ander land ook geloop het.

Ma se manier van verduidelik was soms nog moeiliker, maar sy het darem meer geduld gehad as jy nie verstaan nie. Sy het so met die hand beduie dat jy "so moet loop na darie kant toe" en dan weer met die ander hand waar jy "so moet afdraai en loop tot by doerie plek". Haar en Pa se idees van wat "duskant" en "annerkant" was, het ook nie altyd ooreengestem nie. As jy by Pa in die moeilikheid was omdat jy verkeerd verstaan het, het dit gehelp as Ma naby was en sy ook nog Pa se "oorkant" anders verstaan het as die "oorkant" wat hy in gedagte gehad het.

## Oom Jan se skeermes

Oupa Manie en ouma Nonnie het vir ‘n paar jaar langs ons gebly nadat oom John hulle Nuy toe getrek het. Oom Jan van Deventer (Ouma se broer) het in die buitekamer gebly. Oom Jan is gedurende die Boereoorlog gevange geneem en na Bermuda gestuur waar hy tot na die oorlog gehou is. Nadat sy pa en ma dood is, het ouma Nonnie vir hom gesorg. Oom Jan was ‘n bietjie eenvoudig, soos die oumense gesê het.

*Oom Jan*



Oom Jan het op ‘n keer ‘n battery skeermes gekry, in ruil vir iets wat hy op Bermuda gemaak het. Die skeermes het vir ‘n tyd goed gewerk, maar die lemmetjies is nooit skoongemaak nie. Die skeermes het toe net al stadiger gedraai en toe was oom Jan nie meer baie ingenome daarmee nie. Oupa of Ouma kon hom nie help nie en een van die Van Zyltjies se hulp is toe ingeroep. Die skeermes is skoongemaak, waarna dit weer gewerk het. Daar is toe met groot geduld aan oom Jan verduidelik hoe om dit oop en skoon te maak. Na ‘n tyd het hy egter besluit daar is makliker metodes om die skeermes skoon te kry. Hy het dit nadat hy klaar geskeer het, met water gewas. Baie vinnig was die skeermes se gó uit. Oom Jan het dit maar afgeskryf toe dit nie eens wou werk nadat nuwe batterye ingesit is nie. Dit was so geroes dat dit totaal onbruikbaar was.

## As Pa kom plaas oppas

‘n Pa wat afgetree het en op die dorp gaan bly terwyl sy hart nog eintlik op die plaas was, kan soms groot lastigheid veroorsaak. Toe Pa en Ma in 1968 dorp toe getrek het, was hy 62 en Ma 54. Hulle was eintlik nog te jonk en aktief om te gaan stilsit. Pa het ook nie ander stokperdjies gehad om hom mee besig te hou nie. Met twee seuns op Twistniet en die troppie skape wat hy nog uitgehou het, het hy ‘n baie goeie verskoning gehad om ‘n paar keer per week uit te ry plaastoe om na sy skape te gaan kyk en in die veld rond te stap.

As Awie of Alwyn wou gaan kuier vir ‘n naweek of langer, was hulle dus maar te gretig om te gaan plaas oppas. Pa kon dan sommer gaan regmaak waar hulle verkeerd geboer of nagelaat het om iets te doen. Na so ‘n plaas oppas kon daar weer lank gesels word oor “die kinders wat nie weet hoe om met water te werk nie” of oor “Awie se mooi aartappels” of “Alwyn se nuwe wingerd” of “hoe lekker stil dit op die plaas is”.

Pa het gewoonlik vuurhoutjies by hom gehad, al het hy nooit gerook nie. Daar was altyd ‘n plek wat te ruig was na sy sin en gebrand moes word, gewoonlik tot Ma se groot ontsteltenis. As die wind skielik opgekom of verkeerd gedraai het, kon so ‘n brand gou handuit ruk, maar dit was die minste waaroor hy hom gekwel het. As Awie of Alwyn terug was van hulle vakansie, was daar gewoonlik ‘n

paar nuwe swart kolle by in ‘n rivierloop of êrens in die veld. Toe Alwyn en Elise eendag van Cradock af by die huis aankom, sien hulle dat die pomphuis by die klein dammetjie aan die brand is, maar Pa het dit met ‘n groot gespook self onder beheer gekry. Terwyl Pa nog baklei met die vuur, se Ma: “as hy nou ‘n kind was, het ek hom oor my skoot getrek en ‘n afgedankste loesing gegee!”

Dit was vir hom ook te lekker om weer op ‘n trekker te klim en sommer êrens te gaan ploeg. By Alwyn het hy eenkeer ‘n ghrop aangehaak en die hele blok wingerd geghrop, die tande was nog nuut en het lekker diep ingegaan. Toe hy klaar is, het die bo-ente nog oorgebly. Hy het nie gesien dat die swart besproeiingspype by die pale skuins af in die grond na die hooflyn gelê is nie. Toe hy weer ‘n slag omkyk, spuit al die pype se water met ‘n boog die lug in. Van die vier krane het net een heel gebly en al die pype het stert in die lug gestaan. By die huis gekom, sê hy daar was ‘n klein ongelukkie, maar ‘n mens kan dit maklik weer regmaak. Awie en Alwyn het later hulle trekkersleutels goed weggebêre as Pa kom plaas oppas.

## VERTELLINGS UIT MA SE JONGDAE

### Ma vertel

Ons het op Leeuwrivier grootgeword, die plaas van ma Nonnie Steyn se eerste man, Gert van Zyl. Na sy dood is Ma in 1913 met pa Manie Steyn getroud en hulle het toe daar aangebly. Pa het sy stief en eie kinders net eenders behandel en Boetie (Apie) en Suster (Gerrie) was soos eie broer en suster.

Pa het baie kos geplant soos patats, aartappels, lensies, boontjies, ertjies, sojabone, hawer en koring. Hy het ‘n paar melkkoeie, varke, karperde en donkies aangehou en so af en toe ‘n bok of ‘n volstruis gekoop vir slag.

Pa het die graan nog met ‘n sens en sekels gesny en op die dorsvloer met esels en donkies uitgetrap, waarna hy en sy helpers die kaf moes skei deur die graan op winderige dae met wanskoppe in die lug te gooi sodat die kaf wegwaai. Ons het ’n stampblok gebruik om die koring te stamp vir kook. Oom Barend van Zyl van Rietrivier (Meulplaas) het ‘n watermeule gehad, waar die omgewing se mense hulle koring laat maal het. Al die kos is op die solder van die strooidakhuis gebêre, waar Ma ook gekerfde boontjies gedroog het.

Oupa Alwyn en Ouma Agie het naby ons kom bly toe hulle ouer word en ek het dikwels na hulle toe weggeloop. Oupa Alwyn was voorheen ‘n bouer. Oupa Koos en Ouma Nellie van Deventer het ‘n entjie verder van ons gebly, ek het baie pak gekry as ek daar gaan kuier sonder om te sê. Ouma het my tannie Jukie se oudste dogter grootgemaak. Pa se suster Poppie het by ons ingewoon en met die kinders gehelp.

Pa het later begin om bome te kweek en dit was my en Hannah se werk om die wilde lootjies van die gefluite boompies af te vryf na skool. Een middag het Pa nie vir ons gesê om te gaan werk nie en ons het gaan speel. Toe Pa dit uitvind, kry ons groot pak en Hannah maak of sy flou val. Pa skrik so groot en keer sommer ‘n hele emmer water op haar uit, wat haar vinnig laat opvlieg het.

Ons is eers skool toe nadat ons sewe geword het. Ek het ‘n baie kwaai jufffou Steyn in sub A gehad, as ons laatkom, het sy ons met die kweperlat op die hande geslaan. Die inspekteur het aan die einde van die jaar gekom en as jy te min geweet het, moes jy die standerd oordoen. Die skool was by Klipheuwel, waar ek tot in standerd 6 was. Suster was baie slim, maar sieklik en in standerd 3 het Dr. Wessels gesê Ma moet haar uit die skool haal.

Terwyl ek en Suster eendag terugstap van ouma Agie se huis, trap ek op ‘n slang, gelukkig net agter sy kop. Suster sê ek moet doodstil staan, sy sal gou huistoe hardloop en ‘n graaf gaan haal om die slang se kop af te kap. Ek dink toe, “nee dit sal te lank neem, teen die tyd dat sy terug is, is ek al dood”. Toe ek sien die slang het ‘n muis in sy bek waarvan die stertjie nog uitgesteek het, raak ek eers bang en gee ‘n groot sprong. Toe ek omkyk, lê die slang nog doodstil, ek kry toe ‘n groot klip en

gooi sy rug af.

Ons drie susters het een kamer gehad, wat ons dikwels vir kuiergaste moes afstaan. Die seuns en oom Jan het in een groot kamer geslaap terwyl die twee jongstes by Ma hulle in die kamer geslaap het.

Toe ek so 15 was, het my tant Hannah Kannemeyer van Soutrivier gevra dat ek haar twee seuntjies vir ‘n rukkie moes kom oppas. Daar het ek vir die eerste keer ‘n skip gesien en trein gery. Die buurt se mense was baie Engels, ek het op skool Engels geleer maar nie gepraat nie. Gelukkig het daar naby Afrikaanse mense gebly met wie ek kon gaan gesels. Soutrivier was toe net ‘n spoorwegstasie met ‘n paar huise en verder was daar plase rondom. Ek het baie huistoe verlang en kon nie wag om terug te gaan huistoe nie.

Soms is ons na oestyd vir twee weke Struisbaai toe met die wa en agt muile. Voor die tyd is baie beskuit en koekies gebak, want ons was agt kinders. Ons mag nie geswem het sonder ‘n laphoed of ‘n kappie op nie. Ma het potbrood of roosterbrood op die kole gebak.

Sondae het ons buurplase se jongklomp bymekaargekom en baie gesing en mekaar probeer vasvra uit die bybel, sodat die katkisasie by ds. Van Huyssteen maklik was, ons het die bybel goed geken. Sondagoggende het Pa vir almal op die plaas godsdiens gehou en dan het hy vir ons uitgevra oor wat hy gelees het. Naby Brink se winkel het ons ‘n tuiskamer gehad, wat Pa vir ‘n halfkroon per maand gehuur het. Die gesinne het almal een kombuis gedeel. So elke derde naweek is ons vir die hele naweek met die kapkar dorptoe om kerktoe te gaan.





*Links: ‘n Skotskar, die tiplorrie van toeka, en regs: Oupa Manie se perdekar, albei in Awie se versameling*

Alwyn was as kind maar altyd sieklik, hy het “sinkenskoors” gehad, gevolglik moes ek in sy plek vir Pa en Boetie met die boerdery help. Toe Koos eers groter word, kon hy weer in my plek met die plaaswerk help, hy was ‘n fris klong.

Ma het baie van medisyne geweet en het baie ou Hollandse medisyne en kruie gebruik. Vir elke siekte was daar ‘n soort kruie en kasterolie is een keer per maand vir die kinders ingegee om hulle “bloed skoon te maak”. Sy was die “dokter “ van die omgewing, want die dorp was ver en daar was net een dokter. As ‘n baba gebore moes word, het Ma gaan help. Dagga was ook nog nie onwettig nie en dit was ‛n goeie medisyne vir mense met beroerte. Dit is vir siek diere gegee teen perdesiekte of rooiwater. My kennis van kruie het ek by haar geleer.

Toe Boetie begin trouplanne kry, het Pa en Ma besluit dat dit sy erfplaas is en dat hulle ‘n ander heenkome moet vind, hulle het toe op Driefontein in die Karoo (Montagu Karoo) gaan bly. Suster was toe al getroud en Alwyn uit die skool. Ek het agtergebly om vir Boetie huis te hou, terwyl die ander (Hannah, Alwyn, Koos, Manie en Jan) saam Driefontein toe is. Ek en Boetie is later saam getroud op

14 Februarie 1933.

Hettie het op die buurplaas, ook Leeuwrivier, grootgeword. Hy en sy drie neefs Gawie Marais en die twee Apies (Boetie en Lang Apie) was baie ondeund en het die mense baie poetse gebak, veral teen oukersaand of oujaarsaand. Oom Frikkie van Zyl het een Kersoggend opgestaan en wou die agterdeur oopmaak, maar iemand hou dit aan die buitekant vas. Toe hy later om die huis loop om te gaan kyk, staan daar 'n donkie aan die agterdeur vasgemaak. 'n Ander man se wa het hulle in die dam gestoot sodat dit heeltemal onder water was. Die oom het die wa later ontdek en omdat hulle die vanselfsprekende sondebokke was, het hy hulle gedwing om self die wa uit die dam te haal. Van die boere het dikwels op 'n nuwejaarsoggend gevind dat hulle en hulle bure se perde of melkkoeie omgeruil is of dat die kapkar aan sy wiele in die waenhuis opgehang is.

Daar was 'n Gert Stemmet wat effens eenvoudig was, maar hy het graag by die meisies gaan kuier, veral as daar 'n vreemde meisie kom kuier het. Die paadjie waarlangs hy in die aand moes terugloop huistoe, het oor 'n koppie geloop waar 'n draad gespan was. Gawie trek hom een aand kaal uit en gaan hang oor die draad waar Gert moes verbyloop. Hettie het agter 'n bos gesit en maak hom skrik, sodat hy in die "lyk" oor die draad vashardloop. Hy het hom omtrent disnis gehardloop die rante in, dit was ook die einde van sy kuiery in die aande. Die klomp het by 'n ander geleentheid vir Gert in 'n wasgoedmandjie geprop en teen 'n skuinste laat afrol, binne in 'n dam modderwater. Arme Gert was byna dood.

Hettie-hulle het 'n mak bobbejaan gehad wat aan 'n paal met 'n lang ketting vasgemaak was. Die kinders het lekker met hom gespeel, maar as hy in die huis ingekom het, het hy alles gebreek. Die vrou wat vir hulle kom was en stryk het, het een oggend haar baba saamgebring en onder 'n boom in die skaduwee neergelê. Later hoor sy haar baba huil en toe sy buite kom, sit die bobbejaan met die baba bo-op die paal, wat hoër as die huis was. Die mans is almal geroep om met komberse rondom die paal te kom staan om die baba te vang as die bobbejaan hom sou los. Eduard het met 'n leer teen die paal opgeklim, met 'n stuk brood in sy sak. Toe die bobbejaan die brood vat, los hy die baba en moes Eduard net vinnig vang. Daarna het hulle dadelik van die bobbejaan ontslae geraak.

Hettie was 16 jaar oud toe eers sy oudste broer Awie en kort daarna sy pa aan die koorssiekte (maagkoors) dood is. Sy suster Bertha was ook baie siek, maar het weer gesond geword. Sy broer Eduard is kort daarna getroud en Bertha het by hulle gaan bly. Hettie se ma Sannie was verlam vanaf John, die jongste, se geboorte. Hettie moes toe die boerdery behartig om vir sy ma, sy tannie Tresia, Susie en John te versorg. Hy moes baie hard werk en hulle het wingerdstokkies gekweek, want die plasie was maar klein.

Na sy pa se dood moes Hettie-hulle se plaas verkoop word. Sy tannie Bertha Marais en haar man het hulle plaas gekoop en hulle kon in 'n huis op die plaas aanbly vir £6 per jaar. Later het Hettie-hulle by oom Johannes Nel gaan bly, waar hy help boompies kweek het vir £3 per maand, waarvan die gesin moes lewe. Na 'n paar jaar by oom Johannes het Hettie in Hermanus by die Victoria hotel gaan werk vir £4 per maand. Die geld het hy net so huistoe gestuur vir sy ma, wat intussen weer by tannie Bertha op die plaas gaan bly het. Hy self het van die fooitjies gelewe. As hy vakansie kry, het hy met 'n fiets vanaf Hermanus plaas toe gery.

Na 'n paar jaar op Hermanus het hy 'n plaas- winkeltjie kom oopmaak by Keffieshoogte, waar sy neef Gawie ook 'n naweekslaghuis gehad het.



*Pa in Hermanus 'n sikspens se kabeljou*

Clarens Brink, die eienaar van Brink Broers, het hom aangemoedig om die winkel oop te maak en het die winkelvoorraad kosprys verskaf. So een maal per week is hy vieruur die oggend daar weg met die eselwa, sodat as die dorp se winkels agtuur oopmaak, die esels alweer klaar gevreet en uitgerus was. Hy kon nie verstaan dat die dorpenaars so laat slaap nie. Die terugtog met die vrag het ook drie tot vier uur geduur. Die winkel was winsgewend en hy kon goed spaar. Al die buurt se mense het daar kom koop, in die tyd van perdekarre en waens was dit ver van die dorp af. My ouma Agie Steyn het vir hom mansbroeke gemaak. Hy het die materiaal by die rondgaande smouse gekoop, haar 'n halfkroon betaal en die broeke vir 8 sjielings verkoop.

*'n Verewa wat aan oom Willem Marais behoort het, nou by Rietrivier Kelder*



Hettie en Gawie het eendag 'n koffertjie met klere, wat van 'n kar afgeval het, voor die winkeltjie opgetel. Binne-in was 'n fles vyekonfyt, maar die fles het gebreek. Hulle begin eet aan die konfyt, totdat Gawie 'n glassplinter in sy mond kry. Hulle skrik toe baie groot en sluk elkeen 'n bloubottel kasterolie af, wat vir alles gehelp het.

In 1932, 'n jaar voor ons troue, het Hettie die deel van Leeuwrivier waarop oom Danie geboer het, gekoop. Hy het die winkeltjie by Keffieshoogte verkoop en die winkel by Kruispad gekoop.

Toe ek en Hettie trouplanne maak, het Boetie en Susan besluit om saam met ons te trou. Ons is met 'n perdekar dorptoe, waar ons mnr. Clarens Brink se motor geleen het vir 'n bruidsmotor. Oom Isak Nel se vrou het al die blomme vir die troue gegee, ds. Van Huyssteen het ons getrou. Die onthaal was op die plaas en ons twee pare moes die geskenke deel, want die gaste het nie name op die geskenke geskryf nie. Die volgende dag is ons met die perdekar Barrydale na oupa Koos en Ouma Nellie toe vir ons wittebrood, waar ons agt dae gebly het. Die plan was eintlik om tot by Barrydale se warmbad te gaan, maar die een perd het kruppel geword en ons kon nie verder gaan nie.



*Pa en Ma, voor hulle troue*

Na ons troue het ons ook 'n winkel en slaghuis langs die huis gehad. Die slaghuis was net Saterdae oop en ons moes Vrydae slag. Daar was nog nie yskaste of koelkamers nie. Ons het twee swart esels, Herklaas en Waldemar, gehad. Hulle was so sterk soos perde en het die kar en die wingerdploeg getrek. Ek moes baiekeer alleen met die kar en esels van Leeuwrivier af Kruispad toe ry om die winkel oop te hou. Die bus het die pos daar afgelaai. Later het Rita Swart die winkel beman, totdat John uit die skool was en die winkel kon oorneem.

Hettie se ma, sy suster Susie en John het vir 8 jaar by ons in die huis gebly. Toe Susie met Schalk Burger getroud is, het Hettie se ma by haar in Durbanville gaan bly, waar sy later oorlede is. Sy ma was 'n invalide en ons moes haar dra, totdat ons vir haar 'n rystoel kon aanskaf.

Toe Hettie later sy klein lorretjie gekoop het waarmee hy sover as van Die Vlakte af transport gery het, moes ek dikwels die boerdery met die hulp van twee werksmense behartig, vir wie ek ook moes kosgee. Die beurtwater moes bo teen die berg by die Neethlings aangekeer word. Dit het my 'n paar uur geneem voor ek weer terug was by die huis, want 'n mens moes saam met die water loop om te keer dat die sloot nie opdam met bossies nie. Parstyd moes ek vir almal wat help pars het, kos gee. Twaalfuur was dit gekookte kos, maar vir brekfis en vieruur koffie het almal twee snye brood met vet of botter met konfyt gekry en saans sop met twee snye brood.

Contributions: Irma Jordaan

--oOo--